

Subject **FW: Dier Redigeerverslag: KARME**L BONSMARA STOET** : 0530561BON en 0693109BON**
From Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>
To 'nina' <nina@studbook.co.za>
Date 2020-10-22 11:33



Hi Nina

Help asseblief hiermee, ons is so op die hond se stert met die uitsorteer van die kudde:

- i) Laai asseblief vir ons die kalwers aangedui vir MGH 140091 – net vir die koei se rekord N.V.R., sonder die pa's en in die ou kudde 0530561BON.
 - Nadat die 2 kalwers opgeneem is moet die ma oorgaan na 0693109BON en dan die Redigeerlys opdateer – daar lê 'n 2019 en 2020 kalf vir die koei.
- ii) Dan op die Redigeerlys van 0530561BON - keur die volgende 2016 vroulike diere as Aanh A met pa as MS, sodat hulle deurgaen en dan moet hulle asseblief oorgedra word aan die nuwe kudde. Ignoreer MGH 160045 – SKRAP haar net van die Redigeerlys.

Baie dankie vir al jou hulp.

Sterkte met al die fotos ens. geniet dit.

Vriendelike groete

The logo for Bonsmara SA, featuring a stylized 'B' made of two curved lines.

**BONSMARA
SA**
The breed for ALL reasons
Die ras vir ALLE redes

Evelyn Strydom Administration
082 929 9545 | info@bonsmara.co.za

118 Hennystreet | Westdene | Bloemfontein
PO BOX 12051 | Brandhof 9324

Tel: 051 448 6084 / 051 448 6085
Fax: 051 448 6327

www.bonsmara.co.za

f t in

From: Francois Harvey [mailto:fnh678@outlook.com]

Sent: Wednesday, 21 October 2020 15:25

To: Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>

Subject: RE: Dier Redigeerverslag

Beste Evelyn,

Ek hoop dit gaan goed met jou.

Baie baie dankie vir al jou moeite, dit lyk regtig of dinge darm nou al naby aan klaar is. 😊


Ek het vir jou my kommentaar in groen op jou epos hieronder getik. Laat weet my asseblief as daar nog iets uitstande is.

Groete,

Francois Harvey

Karmel Bonsmara

M +27 (0) 79 223 5776



From: Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>

Sent: Thursday, 15 October 2020 13:57

To: 'Francois Harvey' <fnh678@outlook.com>

Subject: RE: Dier Redigeerverslag

Beste Francois

Dankie vir die eposse en is ons nou amper reg met jou kudde, nog net 'n paar uitstaande vrae oor van die diere.

- i) Op die Redigeerlys is daar net een koei waarmee ons sukkel nl. MGH 140091 – sy het gekalf in 2016, toe 2019 en 2020. Het julle miskien enige rekords van 'n kalf in 2017 of 2018 – die TKP tussen 2016 en 2019 is te groot en kan ons nie die laaste 2 kalwers opneem nie?

Sien onder 2017 en 2018 kalwers

Koei ID		Kalf datum van geboorte	Kalf ID		Geslag	Geboorte Gewig	Speen Gewig	Vaar	
MGH	14-0091	25-04-2017	MGH	17-0021	bul	34	258	MGH	11-0006
MGH	14-0091	18-04-2018	MGH	18-0011	vers	35	249	MGH	13-0121

- ii) Is die volgende koeie in jou stoetkudde? MGH 160020; MGH 160029, MGH 160045, MGH 160060, MGH 160064 en MGH 160065? Hulle is almal in die ou kudde goedgekeur, maar omdat hulle pa's nie DNS van gedoen is nie kon hulle nog nie goedgekeur word nie? Indien wel in die kudde sal ons hulle ongelukkig net as Aanh A met VV (Veelvuldigevaar) kan goedkeur.

Die koei MGH 16-0045 is nie in die stoet nie, die res die diere is wel in die stoet (MGH 160020; MGH 160029, MGH 160060, MGH 160064 en MGH 160065). Ek wil net hoor, sal dit help as ek hulle stert hare trek en Unistel toe stuur? Alternatiewelik gee ek nie om as hulle as A in die stoet opgeneem moet word nie, wat sal hulle nageslag dan wees?

- iii) Aangeheg hierby vind asseblief die nuutste Kraalkaart met die diere wat nou in jou kudde is. (Jou PEN lys is ook skoon.)

Baie dankie vir dit Evelyn, ek sal die lys deur werk. Ek het so vining gekyk en dit lyk baie naby aan finaal? Dink jy die MGH koeie wat as A ingetrek word sal ook hier moet opkom?

Jou rekening behoort ook uitgesorteer te wees en behoort daar 'n kredietbalans van ±R2 000 te wees, Angela het dit vir ons reggestel.

Baie dankie Evelyn

Laat weet as daar iets is wat nie reg is of iets waaroor jy nie seker is nie.

Ek gaan die epose wat ek van Logix af ontvang het vir jou aanstuur.

Mooi dag en lekker naweek op die plaas.

Vriendelike groete



From: Francois Harvey [<mailto:fnh678@outlook.com>]

Sent: Wednesday, 07 October 2020 13:00

To: Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>

Subject: FW: Dier Redigeerverslag

Beste Evelyn,

Ek hoop dit gaan goed met jou.

Ek wil graag by jou hoor, hierdie is die eerste van twee epose van Logix wat ek ontvang het. Ek wil graag by jou weet of daar enige aksie vir my is om te voltooi? Hierdie is nog baie nuut vir my en ek wil net seker wees ek hou nie die proses terug nie.


Dankie weer vir al jou hulp.

Groete,

Francois Harvey

Karmel Bonsmara

M +27 (0) 79 223 5776



From: lea@studbook.co.za <lea@studbook.co.za>

Sent: Monday, 05 October 2020 15:06

To: fnh678@outlook.com

Subject: Dier Redigeerverslag

Dear Breeder

The Logix system is a very refined system and many checks and tests are done before being incorporated into the system. Logix's aim is to ensure that all biological and breed standards are adhered to and thus ensure that reliable (clean) data is recorded for further use in Genetic evaluations. This results in Editing lists, also known as "Error lists" being generated after the clerk cannot resolve the issues, and the breeder must be contacted to obtain further information to record the transaction fully.

Attached is your herd's Editing List and you are kindly requested to reply on every transaction. If such a transaction is not resolved within two (2) years, the transaction will be deleted from the system and you will have to resubmit it. These lists will be sent to you on a more regular basis for the purpose of improving our services to you.

We look forward to hear from you. Please sent feedback to the person from whom this email has been sent and not to Logix.

Geagte Teler

Die Logix stelsel is 'n baie verfynde stelsel en baie kontroles en toetse word op 'n rekord gedoen alvorens dit opgeneem word in die stelsel. Logix het ten doel om te verseker dat betroubare (skoon) data opgeneem word, wat voldoen aan biologiese sowel as rasstandaarde vir verdere gebruik in Genetiese evaluasies. Dit veroorsaak dat sekere redigering eers gedoen moet word voordat 'n rekord aanvaar word in Logix. Om hierdie rede is daar 'n Redigeerlys, ook bekend as 'n "Foutelys" wat die redigeerklerk nie kan oplos nie en die teler moet gekontak word om verdere inligting te bekom om die rekord volledig op te neem.

Aangeheg is u kudde se Redigeerlys en word u versoek om asseblief dringend aandag te gee aan elke transaksie. Indien so 'n transaksie nie binne twee (2) jaar opgelos word nie, sal die transaksie van die stelsel verwyder word en sal u weer die transaksie moet indien. Hierdie lysie sal op 'n meer gereelde basis aan u gestuur word met die doel om die diens aan u te verbeter.

Daar word graag van u verneem in die verband. U terugvoering moet asseblief gerig word aan die persoon wat die epos aan u gerig het en nie na Logix nie.

Groete

